


Suideroord Tehuis vir Bejaardes
Smithstraat, Bredasdorp, 7280
Tel : 028 - 424 1080
Faks : 028 - 424 1081
e-pos : sekretaresse@suideroord.co.za



NPO 003-033
2020-07-20

Liewe Familielid/Vriend(in) van Suideroord

Nuusbrief vanuit Suideroord

Na 4 maande van inperking in Suideroord, ervaar ons as personeel daagliks die lief en leed van ons inwoners en is dit so belangrik dat ons, hulle en julle positief sal bly.

Ek het onlangs hierdie pragtige gedeelte op "facebook" gelees en veral in hierdie onseker tyd waarin ons leef, is dit vir my so kosbaar en deel ek dit graag met julle :

My grandmother once gave me a tip :

*If difficult times, you move forward in small steps.
Do what you have to do, but little by little.
Don't think about the future, or what may happen tomorrow.
Wash the dishes.
Write a letter.
Make a soup.
You see?
You are advancing step by step.
Take a step and step.
Rest a little.
Praise yourself.
Take another step.
Then another.
You won't notice, but your steps will grow more and more.
And the time will come when you can think about the future without crying.
(Elena Mihalkova)*

Wat 'n besondere tyd beleef ons personeel nie..... Ons is elke dag omring met soveel wysheid van 165 ouer persone net soos die ouer dame hierbo,saam met hulle sal ons ook deur hierdie Covid-19 drif kom!

Covid-19 stand

Wat 'n genade dat daar by Suideroord sedert inperking op 18 Maart, nog slegs een positiewe inwoner by Suideroord gediagnoseer is en ook alreeds sonder enige simptome herstel het. Ons besef dat soos op vandag, is Sy genade baie groot, sodat ons 105 personeel en 165 inwoners nog steeds gesond kan wees.

Dankie aan jul almal wat ons protokolle met groot geduld gehoorsaam en saam met ons wil verseker dat ons inwoners se veiligheid beskerm word. Ons wil jul net weer opskerp met ons besoeker- en pakkie-beleid :

- Alle pakkies vir al die inwoners, hetsy of u familielid in die Villas of annekshuise of in 'n woonstel op die perseel is, moet na die Hoofgebou vir sanitasie kom.
- Vanweë die feit dat Kaap Agulhas 'n "hotspot" in die Wes Kaap is en ons getalle steeds daagliks styg, is dit steeds nie die regte tyd om besoekers in ons Tehuis en ander fasiliteite toe te laat nie.

- Slegs indien 'n inwoner terminaal is; Covid-19 uitgesluit. Met geen positief geïnfekteerde inwoner(s) in die Tehuis op daardie stadium nie, sal 'n beperkte aantal familieledede toegelaat word binne die fasiliteit.
- Besoeke sal andersins geskied vanaf buitehek (agter ketting) soos die bestaande reëls tans aandui :
 - ✓ Slegs een besoeker vir 15 min op afspraak
 - ✓ Besoeker en inwoner moet beide 'n masker dra
 - ✓ Handhaaf 'n afstand van 2 meter
- Let ook daarop dat hierdie voorreg op kort kennisgewing gewysig kan word sou daar 'n positiewe geïnfekteerde persoon in Suideroord wees.

Ons wil u nooi om gebruik te maak van ons Zoom platform om met u familielid te kommunikeer. Kontak me van Wyk vir 'n afspraak in die verband.

U is ook welkom om te skakel en te reël dat ons die koordlose landlynhandstuk na hul kamer neem. Daar is egter sekere areas wat nie goeie ontvangs het nie en ons kan moontlik die selfoon tot by hul neem.

Ons besef dat die inperkingstyd nou alreeds byna vier maande is en dat die verlange intens raak. U mag hul onder bogenoemde voorwaardes sien – diegene wat naby genoeg woon, doen maar die moeite om hul harte te verbly.

Covid-19 impak

Niemand sou kon voorsien dat 2020 hierdie impak sou hê nie. Daarom was daar nie in die begroting vir 2020/2021 enigsins voorsien vir gebrekkige inkomste, vanweë vakante beddens wat in opdrag van die Departement nie gevul kon word nie, vier fondsinsamelings wat tot op hede gekanselleer is en wat in 2019 'n inkomste van R215 167.81 ingebring het nie.

Daar was ook die onvoorsiene uitgawes nl. van PPE, handskoene, maskers, saniteermiddels ens. Suideroord is egter dankbaar dat ons al ons krediteure kon betaal, asook al ons personeel kon behou en betaal en wil daarom alle eer aan ons Hemelse Vader gee.

Indien u van mening is dat u tog 'n finansiële bydrae wil maak om in die bogenoemde verlies aan inkomste te voorsien, sal die Beheerraad u skenking/donasie hoog waardeer. Ons het begrip dat Covid-19 ook u geraak het en moontlik self finansiële verliese tot gevolg gehad het. Indien u egter van mening is dat u graag 'n bydrae wil maak, is die bankbesonderhede soos volg :

Suideroord Tehuis vir Bejaardes

Nedbank

Takkode : 198 765

Rek nr : 1001 343 727

Medikasie

Graag wil ons vra dat diegene wat nog elders, anders as Bredasdorp Apteek, hul medikasie ontvang, alternatiewe reëlins met ons Bestuurder : Verpleging, Sr Merilda Binneman, tref. Met die impak van die Covid-19 virus, word personeel tans baie blootgestel om medikasie te gaan afhaal en wag ons ook dikwels vir die afhandeling van 'n voorskrif. Dit dra tans by tot verhoogde risiko vir die indra van die virus in ons fasiliteit.

Bredasdorp Apteek lewer af en bied tans uitstekende diens. Rekeninge word dan direk na u as familie gestuur.

Klagte prosedure

Baie dankie vir al die positiewe en ondersteunende eposse wat ons volgehou van u as familie en publiek ontvang. Daar was egter twee van u wat 'n epos direk aan ons Hoofkantoor gestuur het rondom 'n

bepaalde aspek waaroor u ongelukkig is. Let asb. daarop dat indien u die klagte prosedure volg, ons die aangeleentheid met u kan hanteer. Sou u steeds ongelukkig wees, kan u dan met groot vrymoedigheid die Hoofkantoor nader. Ek gee weer die klagte prosedure aan u deur:

1. Bring klag / grief onmiddellik mondelings / skriftelik onder aandag van die personeellid in bevel, wat dit sal hanteer of onder 'n meer senior personeellid se aandag sal bring vir hantering.
2. Indien die klag / grief nie opgelos word of bevredigend na u mening hanteer word nie, moet u dit na die HUB van die Tehuis verwys en u klag mondelings, maar verkieslik skriftelik indien.
3. Indien u steeds nie 'n oplossing vind nie, of daar is bewys van mishandeling en/of uitbuiting, moet u die klag skriftelik na die Ombudspersoon verwys vir verdere ondersoek. Laasgenoemde maak 'n direkte aanbeveling aan die Beheerraad wat die klag dan verder hanteer. Identifiserende besonderhede van die Ombudspersoon verskyn op die kennisgewingborde.
4. Indien u steeds nie 'n oplossing vind nie, sal die Beheerraad dit verwys vir verdere ondersoek na die plaaslike ACVV bestuur en indien daar nie 'n oplossing kom nie, sal dit verwys word vir aandag aan die ACVV Hoofkantoor. 'n Verslag sal dan aan die klaer voorsien word oor die ondersoek.

Ons wil u weer nooi om ons ter enige tyd te kontak, want steeds bly ons 'n span om die veiligheid van u ouer/familielid in Suideroord te waarborg.

Karin Dickason
Hoof Uitvoerende Beampte
bestuur@suideroord.co.za

Liami van Wyk
Bestuurder Admin
sekretaresse@suideroord.co.za

Org Kuhn
Bestuurder Terrein
terrein@suideroord.co.za


Teresa Snyders
Bestuurder Finansies
rekening1@suideroord.co.za

Esther Möller
Bestuurder Voedseldienseenheid
vde@suideroord.co.za

Merilda Binneman
Bestuurder Verpleging
verpleging@suideroord.co.za

Veilig bly!

Vriendelike groete


Karin Dickason
Hoof Uitvoerende Beampte: Suideroord Tehuis vir Bejaardes